# MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 7 AUGUSTUS 2024

## ESKATOLOGIE, DIE STUDIE VAN DIE TOEKOMS VAN DIE MENSDOM: DIE PROFEET DANIËL

Voordat ons kyk na twee hoofstukke van Daniël, let daarop dat die hoofstukke in Daniël nie in chronologiese volgorde is nie. Die korrekte tydsvolgorde is hoofstukke 1-4; 7-8; 5-6; en 9-12. Vir ons studie is hoofstukke 7 en 9 belangrik aangesien dit die dele is waarna Jesus in Matthéüs 24 verwys.


Ten einde Daniël behoorlik te verstaan, gaan lees die hele boek. Moenie jou bekommer oor al die beeldspraak nie. Lees net vir die geskiedenis. Soos ek genoem het, let op dat die hoofstukke nie chronologies op mekaar volg nie, veral as jy aan die begin van elke hoofstuk lees wie die koning was.

1. Hoofstuk 1: **Nebukadnésar**: Daniël en sy vriende in ballingskap
2. Hoofstuk 2: Drome: Nebukadnésar se droom
3. Hoofstuk 3: Die goue beeld; Daniël se drie vriende in die vuuroond
4. Hoofstuk 4: Drome: Nebukadnésar se droom; Daniël verduidelik die droom
5. Hoofstuk 5: **Bélsasar**: Die skrif is aan die muur – ons ken hierdie uitdrukking!
6. Hoofstuk 6: **Daríus**: Daniël in die leeukuil
7. Hoofstuk 7: **Bélsasar**: Drome: Daniël begin die toekoms van Israel in sy drome sien
8. Hoofstuk 8: **Bélsasar**: Visioene: Die skaap- en die bokram
9. Hoofstuk 9: **Daríus**: Daniël bestudeer die Woord! Die engel verduidelik dit vir hom
10. Hoofstuk 10: ‘n Engel verskyn weer aan Daniël
11. Hoofstuk 11: **Daríus**: Verdere openbaringe aan Daniël gegee deur die engel
12. Hoofstuk 12: Die toekoms van Israel

### Teenkanting teen die boek

Daar is baie predikante en sogenaamde kundiges wat die rol van Daniël ontken en sy profesieë as irrelevant afmaak. As dit waar is, het Jesus dus gefouteer deur na Daniël te verwys en was Jesus se verduideliking van die toekoms op irrelevante inligting gebaseer. Die argumente teen die boek is dat die tale wat in die hoofstukke gebruik word, nie dieselfde is nie. Aramees en Hebreeus is gebruik, en dikwels verskil die taalgebruik. Dit word deur indiwidue gesien as ‘n bewys dat Daniël nie die boek geskryf het nie. Nog erger, daar word beweer dat sommige dele van die boek eers geskryf is nadat sommige van die voorspellings in vervulling gegaan het. Dalk moet baie van vandag se predikante eerder die vertonings laat vaar wat so kenmerkend van die Kerk geword het, en op lering fokus.

Daniël is ons duidelikste bron van God se plan vir Israel in die toekoms. Wanneer ons Daniël bestudeer gaan ons sien dat hy niks van die Kerk periode geweet het nie, en daarom praat ons van die “profetiese gaping” in sy 70 weke. Die feit dat Daniël en die ander profete nie die Kerk periode gesien het nie, beteken ook nie dat dit ‘n rede is om hulle profesieë te ignoreer nie. Ons kan dit visueel as volg voorstel, volgens Clarence Larkin:




Daniël sien eers die eerste 69 van 70 weke, vanaf sy tyd tot die kruisiging. Daarna sien hy die Antichris, in die 70e week, om die totaal van 490 jaar te voltooi. Die periode tussen die Kruis en die verdrukking (die vallei) was nie aan hom openbaar nie. Die periode tussen week 69 en 70 is die profetiese gaping waarbinne die Kerk periode pas. Waar lees ons dit? Nou moet jy mooi aandag gee. Lees Daniël 7 en 9.

**Hoofstuk 7**

Hoofstuk 7 beskryf die droom wat Daniël gehad het van "vier diere" wat hy "uit die see" (waar "see" die mensdom beteken) sien opkom:

1. Die eerste dier is soos 'n leeu, die Babiloniese ryk (vers 4)
2. Die tweede dier is soos 'n beer, die Medo-Persiese ryk (vers 5)
3. Die derde dier is soos 'n luiperd, die Griekse ryk (vers 6)
4. Die vierde dier, die Romeinse ryk, is vreeslik, skrikwekkend, en baie sterk (vers 7). Hierdie dier is anders as die ander drie voor hom. Daniël beskryf nie besonderhede van die eerste drie nie, maar wel van die vierde een. Dit het tien horings (heersers) gehad en vanuit hierdie horings kom 'n ander horing uit. Hierdie horing ontwortel drie van die ander horings en het oë en 'n mond, wat impliseer dat dit 'n mens is, eerder as bloot net 'n politieke stelsel.

Jy sal opmerk dat Daniël nie te veel skryf oor die eerste drie diere nie. Dit is die vierde een wat hom bekommer. Hierdie vier ryke is dieselfde as wat Nebukadnésar in sy droom in Daniël 2 gehad het. Hy sien 'n gesig van die hemel (vers 9-10) en hoe duisende mense God aanbid. Hy sien ook hoe die vierde dier gedood word. Daniël wil weet wat hierdie gesig beteken, veral omdat hy gesien het hoedat die dier gedood is (vers 11) en die heerskappy van die ander drie diere weggeneem is (vers 12). Dan sien Daniël die visioen van Jesus Christus as regeerder (vers 13-14). Hy is verontrus deur die gesigte, omdat dit op sy eie mense dui.

Daniël word deur die engel ingelig en hy verduidelik dat die vier diere vier konings is (vers 17). Daniël vra spesifiek oor die vierde dier (vers 19) en die tien horings (vers 20), veral die horing wat tot die ondergang van drie van die ander lei.

Hy sien hoe hierdie horing (die koning wat oorlog voer teen die heiliges, Israel) hulle oorwin (vers 21). In vers 22 egter lees ons dat die heiliges na 'n tyd oorwin en die koninkryk in besit neem (vers 22) (die millennium). Die engel verduidelik meer besonderhede oor die vierde koning. Hy is verskillend van die ander (vers 24) en gaan drie konings oorwin. Hy spreek godslasterlik, en poog om tyd en wet te verander (vers 25) en hy het beheer oor hulle (die heiliges) vir "'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd" – dus 3½ jaar, 1260 dae, of 42 maande – onthou hierdie getalle). Hy word later vernietig (vers 26, Opg 19:20). Daarna bekom die heiliges van die Allerhoogste (Israel) die regering van die aarde.

Dit wat Daniël gesien het, het hom siek gelaat (verse 15 en 28; Dan 8:27) omdat hy ervaar het wat met sy volk in die toekoms gaan gebeur. Baie sogenaamde geleerdes maak die verdrukking af asof dit nie so erg kan wees nie. Jesus het egter genoem dat daar nog nooit so 'n periode was nie, en ook na hierdie een nie sal wees nie (Sien Matthéüs 24:21 en Sagaría 13:8). Waarom is dit vir die Kerk belangrik om te weet wat hier gaan gebeur? Ek gee drie redes:

1. Die Kerk is ingeënt in Israel en het sy bestaan uit Israel. Wat met Israel gebeur, is ook vir ons belangrik, alhoewel dit nie beteken dat dit wat met Israel gebeur, met die Kerk ook moet gebeur nie.

2. Die verdrukking van Israel is as voorbereiding vir die koms van die Messias (Jesaja 53; Sagaría 14:3-4; en Romeine 11, veral vers 25-26).

3. Jy dink dalk jy is gered, maar as Jesus Christus die Kerk as sy bruid kom haal en jy bly agter omdat jy nie werklik gered was nie, gaan jy ook deur hierdie selfde verdrukking. Die verdrukking is nasionaal vir Israel, en globaal vir 'n verlore gaande wêreld. Onthou dat die verdrukking twee doele het:

    a. Om Israel as nasie voor te berei en te suiwer vir die koms van die Messias; en

    b. Om die ongelowige globale wêreld wie Jesus Christus verwerp het, te gee wat hulle so graag wil hê – om hulle eie ding te doen en nie onder God se heerskappy te wees nie. Die Antichris gaan hulle net soveel verdelg as vir Israel.

Noudat Daniël die vierde dier as die Antichris kon identifiseer, kom ons gaan kyk hoe God se plan vir die mens deur Daniël bekend gemaak word. Dit gaan oor **wanneer** hierdie dinge gebeur, dieselfde vraag wat die dissipels baie jare later sou vra in Matthéüs 24:3.

**Hoofstuk 9**

Terwyl hy in ballingskap is, lees Daniël "in die boeke" – die geskrewe boekrolle wat hy gehad het – dat die inskrywing wat Jeremia gemaak het oor die ballingskap en die vervalle toestand van Jerusalem 70 volle jare was. Ons lees dit in Jeremia 25:9-13. Dit is interessant om daarop te let dat die profete wie tydgenote was, mekaar geken hê. Hulle het ook die geskrifte van ander profete bestudeer. Daniël is so bewus van die sonde van hom en sy volk wat tot hulle ballingskap gelei het, dat hy onmiddellik begin bid en sy sonde bely. Hy verduidelik vanaf vers 5 wat hulle verkeerd gedoen het. Hy doen petisie vir die volk en homself tot by vers 19.

Hierdie is een van twee voorbeelde wat opgeteken is van Israeliete wie in ballingskap was, maar groot posisies beklee het, en steeds vir hulle eie mense gebid het. Die ander voorbeeld is Nehemía, wie ons verlede jaar bespreek het. Lees Nehemía 1:5-11 en vergelyk sy gebed met dié van Daniël.

Terwyl hy nog bid, verskyn die engel Gabriël aan hom (vers 21). Hy verduidelik dat toe Daniël begin bid het, het 'n opdrag na hom, die engel, gekom, waarskynlik van God af, en die engel moes die visie aan Daniël openbaar sodat Daniël dit kon verstaan (vers 23).

1. Sewentig sewetalle (490 jaar, waar 'n "sewetal" sewe jaar is in die profetiese tydskaal) is oor **jou volk** (Israel) en **jou stad** (Jerusalem) bepaal. Dit is dus duidelik dat dit nie na die Kerk verwys nie. Die periode van 490 jaar is nodig om die volgende ses doelwitte te bereik:

    a. Die eerste drie doelwitte gaan oor **sonde** en om 'n einde daaraan te maak:
        i. Om die goddeloosheid klaar te maak en Israel se ballingskap te beëindig;
        ii. Om 'n einde aan sonde te bring;
        iii. Om die ongeregtigheid van die volk met God te versoen.

    b. Die vierde doelwit gaan oor **geregtigheid**:
        i. Om 'n ewige geregtigheid aan te bring – die Messiaanse koninkryk vir Israel;

    c. Die vyfde doelwit gaan oor die onbetwiste **waarheid** van God se Woord:
        i. Om gesig en profesie te beseël as waar; en

    d. Die sesde doelwit gaan oor **koningskap**, om Jesus Christus as heilige en Koning te salf:
        i. Om wat hoogheilig is, te salf.

2. Let daarop dat dit met Israel te doen het en wat God se plan vir sy volk is. Nou verduidelik die engel dit verder.

    a. Vanaf die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, Jesus Christus, is sewe sewetalle en 62 sewetalle (69 sewetalle).
        i. Die uitgang van die woord is die dekreet wat in 445 vC deur Artaxerxes Longimanus uitgereik is, en waarvan ons in Nehemía 2:5-8 lees.
        ii. Die eerste periode wat genoem word is sewe sewetalle, of 49 jaar. Dit is hoe lank dit geneem het vanaf die uitvaardiging van die dekreet, totdat die stad herbou en voltooi is.
        iii. Die tweede deel van die periode is 62 sewetalle, of 434 jaar. Dit sluit egter die 49 jaar in. Vir 483 (49+434=483) jaar word Jerusalem verder verbou en herstel, pleine en slote (Eng. "moats" – Afr. "gragte" rondom die stad) word rondom die stad gebou, maar dit gebeur met groot moeite. Jerusalem was dikwels deur ander volke oorheers, en in Jesus se tyd, deur die Romeine.
        iv. Na die 7 en 62 sewetalle (69 sewetalle of 483 jaar) word 'n Gesalfde uitgeroei (Jesus word gekruisig), sonder dat Hy die koningskap van Israel ontvang, omdat sy eie volk hom verwerp het (Jesaja 53).

    b. Sodra die Gesalfde, Jesus, dood is (onthou dat die Jode nie glo dat Hy uit die dood opgestaan het nie) sal 'n vors (ons weet vandag dit was die Romeine) die stad en die heiligdom (die tempel) verwoes, in 70 nC.

    c. Die gedeelte na vers 26 en voor vers 27 is die Kerk periode wat Daniël nie kon sien nie.

d. Ons lees verder in vers 27 dat "hy", die volk van vers 26, sal een week lank met baie (en nie noodwendig (net) (met) Israel nie) 'n verbond sluit. Ons lei af uit hedendaagse gebeure dat dit 'n vredesverbond moet wees. Almal soek vrede, maar soos wat Paulus aan die gemeente in Thessalonika skryf, gaan hulle soeke na vrede en veiligheid tot hulle ondergang lei. Sien 1 Thessalonicense 5:3. Israel word tans vanuit twee fronte aangeval: Gasa in die weste (Hamas) en Lebanon in die Noorde (Hezbollah). Israel is die fokus van vrede, nie net vir die Midde Ooste nie, maar vir die hele wêreld. Dit gaan egter 'n skyn vrede wees. Dit is waarskynlik waarna die wit perd in Openbaring 6:2 verwys.

e. Dit is gedurende hierdie sewe jaar periode dat die belofte van vrede vir Israel vernietig word, in die helfte van die periode. As sewe weke 49 jaar is, dan is een week sewe jaar. Wat gebeur in hierdie week?

    i. In die helfte van die week (3½ jaar, 42 maande [Openbaring 11:2; 13:5], of 1260 dae [Openbaring 12:6]) word die slagoffer en spysoffer afgeskaf); en
    ii. Vir die res van die periode, die ander 3½ jaar, is daar oorlog totdat Israel se Messias verskyn (Daniël 7:25; Daniël 12:7; Sagaría 9:9; Sagaría 14:4; en Romeine 11:26).

f. Die volle 490 jaar is nodig om te verloop sodat die ses doelwitte bereik kan word. Daniël het nie die Kerk periode gesien nie, omdat dit nie relevant is vir Israel nie, en daarom is daar vir hóm tussen vers 26 en 27 nie 'n tyd gaping nie. Ons noem dit die profetiese gaping – daardie visie wat hy gehad het soos ons in die kaart sien, die vallei wat hy nie sien nie.

| | | |
|---|---|---|
| Israel | ============= | Dit is wat Daniël sien. |
| Kerk | _ _ _ _ _ _ _ _ _ | Dit is wat Daniël nie sien nie. |
| | (Romeine 11:25) | |

Daniël sien 483 jaar en 7 jaar vir Israel.

========================= _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ =============

3. Die Kerk periode speel dus af tussen vers 26 en 27. As Daniël gewonder het wanneer in die geskiedenis hierdie gebeure sou afspeel, kry hy sy antwoord in Daniël 10:14 wanneer hy weer deur 'n engel besoek word.

4. Kom ons volstaan vir eers hierby. Ons weet nou dat Daniël 'n gebeurtenis sien afspeel waar die heiligdom (die tempel) betree word deur iemand wie nie daar hoort nie. Jesus verduidelik dit aan die vier dissipels in Matthéüs 24:15 dat die gruwel (die persoon wie volgens Daniël met baie 'n sterk verbond sluit) in die heiligdom staan. Dit is vir Israel die teken dat hulle in die moeilikheid is en moet vlug. Paulus verduidelik dit in meer besonderhede aan die gemeente in Thessalonika (2 Thessalonicense 2:4).

5. Ons kan nou vra dat as die gebeure in Daniël 9 nie op die Kerk van toepassing is nie, waarom dit dan nodig sou wees dat ons hierop moet let. Die antwoord is eenvoudig dat ons moet kyk en verstaan wat in die wêreld aangaan, veral te opsigte van Israel. Paulus skryf daaroor aan

veral die gemeente in Thessalonika. Hy noem dat Jesus self aan hom die geheime van die toekoms openbaar het. En hy deel dit gedeeltelik met die Kerk. Dit wat besig is om met Israel te gebeur, is God se voorbereiding om die 70e week van Daniël se visie in vervulling te laat gaan. Ons moet gereed wees om Jesus Christus te ontmoet, vóórdat die verdrukking van sewe jaar begin. Die begin van die 70e week beteken ook ‘n einde aan die Kerk periode.

**WAT LEER ONS UIT DANIËL?**

God rig ‘n boodskap tot sy mense deur die profete. Dit is egter hierdie selfde profete wie doodgemaak is, soos ons in Matthéüs 23 sien. Diegene wie die moeite doen om die Woord te bestudeer, kry bemoediging daaruit. Ons gaan wel nie meer ‘n verdere profesie kry nie, omdat die kanon van die Bybel afgesluit is en God nie meer met ons deur die profete spreek nie, maar deur sy Seun (Hebreërs 1:1). Hou jy net aan om die Woord te bestudeer. God sal self, deur die Heilige Gees, vir jou aspekte openbaar (Rhema Woord) wat jy nog altyd dalk net as Logos Woord gelees het (soos wat dit geskryf is).

**SLOTSOM**

Jesus verwys na Daniël omdat dit die geskrewe rekords is wat die dissipels tot toegang sou gehad het. Hy bevestig die toekoms deur die profesie van die verlede. Wat Daniël nie gesien het nie, is die tyd waarin ons nou leef. Daar was nog nooit in die geskiedenis ‘n periode soos nou nie. Kyk wat gebeur in en met Israel. Volg die nuus maar doen dit oordeelkundig. Die BBC en CNN is nie betroubare bronne nie. Sien hoe God besig is om Israel voor te berei vir die laaste sewe jaar van menslike regering voordat Jesus Christus as die Messias sal regeer.